

4 Julie

Nehemia 5:1 -19

Geloofsgroei vra suiwering

Ongelowiges kom dikwels met die volgende aanklag teen die gelowige: "Kyk hoe lewe die Christene onder mekaar, hulle haat en buit mekaar uit, daar is geen liefde nie, ek wil nie so 'n Christen wees nie." Die aanklag is verskriklik en tog soms waar.

Nehemia hoor die volgende klagtes van die volk van God: hulle het nie kos nie, hulle moet hulle huise aan volksgenote verpand om te lewe, hoë belastingheffings word deur hulle eie mense gevra, hulle moet hulle kinders as slawe verkoop aan hulle eie mense, hulle eie mense neem hul lande en wingerde as betaling! Dié onreg mag nie onder God se volk gepleeg word nie. Nehemia reageer baie sterk hierop: Ons verkoop ons eie mense! (8b).

Op grond van ons eerbied vir God (9) mag dit nie so gaan nie. Die volk reageer met 'n eed voor die Here dat hulle hulle sal reinig van alle onreg onder mekaar. Nehemia stel 'n persoonlike voorbeeld deur uit eerbied vir God nie swaar eise aan die volk te stel nie.

Ons Vader het sy Seun vir ons gegee terwyl ons sy vyande was, Hy het sy Gees gegee om ons nader aan Hom te laat groei. Van ons vra Hy liefde en dankbaarheid. Liefde vir God en vir ons naaste (Lees gerus Matt 25:31-46).

Is daar mense wat ek ken wat swaar kry, terwyl ek genoeg, meer as genoeg, het? Van watter onreg onder gelowiges is ek bewus? Is daar liefdeloosheid onder ons as gelowiges?

Ons Liefdevolle Vader, ons loof en dank U vir U genade. Ons prys U vir U lankmoedigheid met ons. Wys ons waar daar onreg deur U kinders gepleeg word. Leer ons deur U Gees om in liefde met ons naaste te lewe. Suiwer U kerk van ongeregtighede. Tot eer van U Naam.

Sing Skrifberyming 14:1 en 2

Ds. J.P. van der Walt (Durban)